SAKE 24 (Beeld Naweek)
24 Mar 2012, p.13

BOEDELBELASTING

# Gade is 'n baie wye term

**Vraag:** 1. Indien die langslewende van 'n egpaar 'n bedrag van byvoorbeeld R5 miljoen erf, is die R3,5 miljoen-belastingkorting van toepassing op die afgestorwene se boedel of word die volle belastingkorting na die langslewende oorgeplaas? Word die korting van R7 miljoen dan eers by die afsterwe van die langslewende in berekening gebring?

Andersins word R3,5 miljoen-korting by eerste sterwende afgetrek, wat dan beteken dat R1,5 miljoen aan boedelbelasting onderhewig is? Indien die langslewende dan te sterwe kom, is net sy eie belastingkorting van R3,5 miljoen van toepassing(gestel sy boedel beloop R10 miljoen) en betaal sy boedel dus belasting op die R3,5 miljoen wat hy belastingvry geërf het, asook op die R1,5 miljoen minus belasting wat hy geërf het? Word daar met ander woorde weer 20%-boedelbelasting op sy totale boedel gehef?

Dit sal dan tot gevolg hê dat met albei se afsterwe 'n totaal van 40% boedelbelasting gevorder is op die restant van die eerssterwende se R1,5 miljoen.

2. Wanneer word 'n persoon as 'n eggenoot beskou?

Indien 'n man en vrou geskei is en van daardie datum af steeds as man en vrou saamleef, word hulle as eggenote beskou? Wat van sekere geloofs- en dieselfde-geslag-verhoudings, indien hulle nie wetlik getroud is nie?

**Nico van Gijsen, senior boedel- en belastingbeplanner verbonde aan die Fidusiêre Instituut van Suid-Afrika (Fisa), antwoord:**

Die Boedelbelastingwet (Wet 45 van 1955) bepaal dat alle bates in ag geneem word vir die berekening van boedelbelasting.

Hiervan word toegelate aftrekkings (art. 4) gedoen, soos skuld, sterfbedkoste, uitstaande belastings, bemakings aan 'n gade, ensovoorts.

Wat oorbly, vorm die netto boedel, waarvan 'n verdere bedrag van R3,5 miljoen aftrekbaar is kragtens art. 4A van die wet, wat die uiteindelike belasbare boedel daarstel.

Boedelbelasting word hierop bereken teen 20%.

As ek die leser se vraag reg verstaan, verwys hy hier na bemakings tussen gades. Enige bemaking aan 'n gade is aftrekbaar kragtens art. 4(q) van die wet.

Dit sal uiteraard die bedrag waarop belasting gehef word, verminder, wat 'n verlaging in die bedrag boedelbelasting tot gevolg sal hê.

Dit kan dalk net hier genoem word dat enige bedrag wat die gade aan iemand anders moet oorbetaal ten einde te kan erf, van die bedrag afgetrek sal word voordat die art. 4(q)-aftrekking sal geld.

Die aftrekking van R3,5 miljoen is vir elke gade afsonderlik beskikbaar. 'n Wetswysiging is in Januarie 2010 aangebring wat dit moontlik maak om die aftrekking tussen gades oor te dra.

Kortliks kom dit daarop neer dat as ál die bates aan 'n langslewende gade bemaak word, daardie gade dan ook die oorledene se aftrekking "erf", wat tot gevolg het dat wanneer die langslewende sterf sy of haar boedel R7 miljoen kan aftrek.

As die langslewende gade nié alles geërf het nie, sal net die "ongebruikte" deel van die vrystelling oorgedra word.

Ek kan dalk net noem dat in huwelike binne gemeenskap van goed net die helfte van die totale bates in berekening gebring word vir die gade-aftrekking, aangesien die ander helfte weens die regswerking van die huweliksformaat in elk geval aan die langslewende gade behoort.

Dit is hoogs onwaarskynlik dat 'n langslewende gade se boedel by sy of haar sterfte, weens die werking van art. 4(q), boedelbelasting sal hoef te betaal op bates wat reeds aan boedelbelasting blootgestel is.

Maar kom ons sê daar is bates oorgedra na die langslewende gade wat nie aftrekbaar was nie, of bates wat aan iemand anders bemaak is en daardie persoon sterf kort ná die sterfte van die eerssterwende.

Die eerste skedule van die Boedelbelastingwet laat toe vir 'n boedelbelastingkorting op sterftes wat kort op mekaar volg.

Indien die erfgenaam binne tien jaar ná die eerssterwende sterf, word daardie bates wat hy of sy van daardie persoon geërf het en nou deel van sy of haar boedel vorm, in ag geneem vir die korting.

Dit werk op 'n glyskaal oor 10 jaar met 'n 100%-korting in die eerste 2 jaar tot 'n 20%-korting ingeval van sterfte binne 8 tot 10 jaar.

'n Gade kragtens die wet sluit in enige huwelik wat in Suid-Afrika erken word, of enige huwelik kragtens enige geloof, of 'n homoseksuele of heteroseksuele verbintenis wat bedoel is om permanent te wees.

As jy dus geskei is en julle weer bymekaarkom, sal die aftrekking wel kan geld, solank as wat die "bymekaarkom" bedoel is om permanent te wees. 'n Baie wye beskrywing, dus.

En die gade-aftrekking geld ten volle in al dié gevalle soos hier uiteengesit.

## Kry hier antwoorde op jou vrae

*Sake24* se Geldkliniek is 'n projek waardeur ons lesers se geldsake-vrae beantwoord.

Lesers is welkom om hul vrae aan ons te stuur, waarna ons dit aan kenners in die bedryf stuur wat dit sal beantwoord.

Vrae en antwoorde word Saterdae in *Sake24* gepubliseer.

Vrae moet oor 'n geldsake-onderwerp handel. Stuur vrae na geldkliniek@sake24.com.

Die antwoorde wat in Geldkliniek verskaf word, is die menings van kenners en nie noodwendig die mening van *Sake24* nie.

Kontak 'n adviseur vir persoonlike advies.